

*THE PROVINCE OF
GAUTENG*

*DIE PROVINSIE
GAUTENG*

**Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant**

Vol. 15

**PRETORIA, 4 AUGUST
AUGUSTUS 2009**

No. 176

CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
LOCAL AUTHORITY NOTICES			
1299	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Nokeng Tsa Taemane Local Municipality: Declaration as an approved township: Derdepoort Extension 3.....	3	176
1300	do.: do.: Pretoria Region Amendment Scheme NTT/217/2009.....	15	176

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1299

NOTICE No 2 OF 2009

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of Section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance 1986 (Ordinance 15 of 1986) the Nokeng Tsa Taemane Local Municipality hereby declares the township **Derdepoort Extension 3** to be an approved Township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY LEBRA DEVELOPMENT (PTY) LTD (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT) UNDER THE PROVISIONS OF CHAPTER 3 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986) FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 676 (PORTION OF PORTION 181) OF THE FARM DERDEPOORT 326-JR PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the Township shall be Derdepoort Extension 3

1.2 LAYOUT/DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on Layout Plan No P1102/3/1 (General Plan SG No 3164/2009)

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

- a. All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation or rights to minerals.
- b. The following rights, described in Title Deed No T51192/2007 shall not be passed on to the erven in the township:

(i) **Condition A. (a)**

"Die eienare van die voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en van Gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, soos getranspoteer onder Akte van Verdelingstransport Nr 5952/1941, gedateer die 21ste dag van April 1949, sal geregtig wees tot drie-vierde van die water uit die algemeen watervoor wat kom uit die Hartebeestspruit en loop oor gesegde gedeelte van die gesegde plaas, groot 176,3514 (EEN HONDERD SES

EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, soos getransporteer onder Akte van Transport T7286/1910. Die voormelde regte van wat sal deur die respektiewe eienare by die beurt gereël word.

(ii) Condition A. (b)

"Die bestaande pad wat loop oor die voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word), Gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gemelde plaas en Gedeelte van gemelde plaas groot 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, sal bly soos voorheen."

(iii) Condition A. (c)

"Die eienare van die oorspronklike Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas groot as sodanig 527,8850 (VYF HONDERD SEWE EN TWINTIG kooma AGT VYF VYF NUL) hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) sal nie die reg hê nie op die fontein wat lê naby die spruit wat loop deur Koedoespoort, nog tot die water in die spruit."

(iv) Condition A. (d)

Die eienare van die genoemde oorspronklike Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 527,8550 (VYF HONDERD SEWE EN TWINTIG komma AGT VYF VYF NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) sal nie die reg hê nie op die dam en watervoor deur J.J. Dreyer uit die rivier geneem op die Westelike kant van die rivier, dog sal die water wat loop in die nag terugkeer moet word in die rivier bokant die dam, waaruit die gesamentlike watervoor uitgehaal is en is die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar, ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) en voormelde gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas spesiaal geregtig tesame met die eienaar van voormelde gedeelte groot 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, tot die water vir (3) drie weke dag en nag uit elke vier (4) weke.

(v) Condition A. (e)

Die eienare van die vermelde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD

SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en van voormelde gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, tesame met die eienaar van gedeelte 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, sal 2/3de van die koste vir reparasie van die dam en watervoor moet dra.

(vi) Condition A. (f)

Die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar, ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en die gesegde Gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, is onderworpe aan en geregtig tot die terme van 'n Order van die Waterhof (distrik Nr 21) gedateer die 30ste dag van Maart 1933, en geregistreer onder Nr 471/1933S, 'n afskrif waarvan aangeheg is aan Aktes van Verdelingstranspote No's 5953/1941 en 5954/1941 dateer die 21ste dag van April, 1941.

(vii) Condition A. (g)

Die eienare van die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) is geregtig tot 'n reg van suiping op die voormelde gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, aan die Westekante van die Hartebeestspruit by die ou drif.

(viii) Condition B.

Die eiendom hiermee getranspoteer is ONDERHEWIG aan 'n reg van suiping 9,45 (NEGE komma VIER VYF) Meter, wyd, ten gunste van Gedeelte 182 ('n Gedeelte van die Westelike gedeelte) van genoemde plaas, getranspoteer onder Akte van Verdelingstransport Nr 25322/1949, gedateer die 29ste dag van November, 1949, groot 17,9426 (SEWENTIEN komma NEGE VIER TWEE SES) Hektaar, soos aangetoon deur die letters XYZCDD' mid spruit X, op kaart S.G. Nr A146/1949 geheg aan Akte van Verdelingstransport Nr 25322/1949.

(ix) Condition C.

Die eiendom hiermee getranspoteer is ONDERHEWIG aan 'n reg van weg ten gunste van gedeelte 186 en 187 van die plaas DERDEPOORT 469, soos meer volledig sal blyk uit Notariele Akte Nr 844/1950S, gedateer die 15de dag van September 1950.

1.4 ACCESS

- a. Ingress from Bojama Street (D36) to the township and egress from the township shall be built to the satisfaction of the Gauteng Department of Public Transport and Roads.
- b. The township applicant shall at its own expense, submit a geometric design layout plan (scale 1:500) of the ingress and egress points referred to in (a) above, and specifications for the construction of the accesses, to the Gauteng Department of Public Transport and Roads for approval. The township applicant/local authority shall after approval of the layout and specifications, construct the said ingress and egress points at its own expense to the satisfaction of the said Gauteng Department of Public Transport and Roads.

1.5 ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township applicant shall arrange for the drainage of the township and for all storm water running off or being diverted from the roads to be received and disposed of.

1.6 REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

If, by any reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing services, the cost therefore shall be borne by the township owner.

1.7 DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township developer must, at his own expense, demolish all existing buildings and structures that lie within the building reserves or over communal boundaries, or demolish dilapidated structures to the satisfaction of the Nokeng Tsa Teamane Local Municipality when the municipality demands it.

1.8 ENVIRONMENTAL CONSERVATION

The applicant shall implement the Environmental Management Plan, as approved by Gauteng Department of Agriculture & Rural Development and shall meet all conditions as contained in Environmental Authorisation referenced GAUT 002/07-08/N0566 dated 21 April 2009 issued in terms of NEMA 1998 and the EIA Regulations 2006, during the construction phase of the development.

1.9 SECTION 21 COMPANY

A Section 21 Company (Homeowner's Association) shall be registered by the Developer in terms of the provisions of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973). A

copy of the registered Deed of Association (CM4) and the company's Statutes must be submitted to the Nokeng tsa Teamane Local Municipality. The Association and statutes must clearly state what the main objective of the homeowners' association is and who is responsible for the internal engineering services of the development (i.e. water sewerage, electricity, and the road and storm water sewers). Each new owner will be obliged to be a member of the Section 21 Company and will contribute towards the cost of the internal services (i.e. internal Roads, access control areas, public open space, water distribution network, waste removal, fences, and communal property). Members will be regulated by the Title Deed.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven will be subject to the following conditions imposed by the local authority in terms of the provisions of Ordinance 15 of 1986:

2.1 ALL ERVEN

- a. The erf shall be subject to a servitude, 2m wide, for municipal services (water, electricity, sewer and storm water) (hereinafter referred to as "the services") in favour of the local authority, along any two boundaries, excepting the street boundary and, in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2m wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: provided that the local authority may waive any such servitude.
- b. No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude areas and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2m from it.
- c. The Nokeng Tsa Teamane Local Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and the works which in its discretion it regards essential, and furthermore the Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such main sewer pipelines and works.
- d. The erf lies in an area where soil conditions can affect buildings and structures and result in damage to them. Building plans submitted to the local authority must show measures to be taken, in accordance with recommendations contained in the geotechnical report for the township, to limit possible damage to buildings and structures as a result of detrimental foundation conditions, unless it is proved to the local authority that such measures are unnecessary or that the same purpose can be achieved by other more effective means.
- e. The erf is subject to the articles and rules of the Section 21 Company and specifically the following conditions:

- i. Every owner shall automatically be and become and shall remain a member of the Association and be subject to its articles until the owner ceases to be an owner as aforesaid. Neither the property nor any subdivision or neither consolidation thereof nor any unit erected thereon, nor any interest therein or thereto, shall be transferred to any person who has not agreed to become a member of the Association and to be bound by its constitution; and who has not secured payment by way of a debit order of the monthly levy due to the Association.
- ii. The owner of the property, or of any subdivision thereof, or of any sectional title unit erected thereon, or of any interest therein or thereto, shall not be entitled to transfer the property, or any subdivision or consolidation thereof, or any unit or any interest therein, without the Association's prior written consent which will not unreasonably be withheld, and without the Association having confirmed in writing that all amounts due to it by the owner have been paid;
- iii. In the event of disposing of the property, or in the event of the owner being an artificial person, such as a close corporation, company or trust and the member's interest, shares or beneficial interest (as the case may be), being disposed of, then in that event, the owner shall be responsible for payment of an administration fee charged by the Association, or its nominee, in consideration for attending to the formalities of the Association in this regard.

2.2 Erf 15

The erf is subject to a servitude for municipal services in favour of the Local Authority 2m wide parallel to the southern boundary of the erf as indicated on the General Plan.

L. MGUDLWA
Acting Municipal Manager
Reference no: JR326-RE-181

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1299**KENNISGEWING 2 VAN 2009****VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge Artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) verklaar die Nokeng Tsa Taemane Plaaslike Munisipaliteit hierby die dorp **Derdepoort Uitbreiding 3** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR LEBRA DEVELOPMENT (EDMS) BPK (HIERNA DIE AANSOEKER GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK 3 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 676 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 181) VAN DIE PLAAS DERDEPOORT No 326-JR PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES**1.1 NAAM**

Die naam van die dorp is Derdepoort Uitbreiding 3.

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit strate en erwe soos aangedui op Landmeter Generaal Algemene Plan LG No 3164/2009.

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

- a. Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die behoud van die voorbehoud van die regte op minerale.
- b. Die volgende regte soos vervat in Titelakte No T51192/2007 sal nie voortgedra word na erwe in die dorp nie:

(i) Voorwaarde A. (a)

"Die eienare van die voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en van Gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, soos getranspoteer onder Akte van Verdelingstransport Nr 5952/1941, gedateer die 21ste dag van April 1949, sal geregtig wees tot drie-vierde van die water uit die algemeen watervoor wat kom uit die Hartebeestspruit en loop

oor gesegde gedeelte van die gesegde plaas, groot 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, soos getranspoteer onder Akte van Transport T7286/1910. Die voormelde regte van wat sal deur die respektiewe eienare by die beurt gereël word.

(ii) **Voorwaarde A. (b)**

“Die bestaande pad wat loop oor die voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar (’n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word), Gedeelte “56” van die Westelike Gedeelte van gemelde plaas en Gedeelte van gemelde plaas groot 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, sal bly soos voorheen.”

(iii) **Voorwaarde A. (c)**

“Die eienare van die oorspronklike Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas groot as sodanig 527,8850 (VYF HONDERD SEWE EN TWINTIG kooma AGT VYF VYF NUL) hektaar (’n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) sal nie die reg hê nie op die fontein wat lê naby die spruit wat loop deur Koedoespoort, nog tot die water in die spruit.”

(iv) **Voorwaarde A. (d)**

Die eienare van die genoemde oorspronklike Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 527,8550 (VYF HONDERD SEWE EN TWINTIG komma AGT VYF VYF NUL) Hektaar (’n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) sal nie die reg hê nie op die dam en watervoor deur J.J. Dreyer uit die rivier geneem op die Westelike kant van die rivier, dog sal die water wat loop in die nag terugkeer moet word in die rivier bokant die dam, waaruit die gesamentlike watervoor uitgehaal is en is die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar, (’n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en voormelde gedeelte “56” van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas spesiaal geregtig tesame met die eienaar van voormelde gedeelte groot 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, tot die water vir (3) drie weke dag en nag uit elke vier (4) weke.

(v) Voorwaarde A. (e)

Die eienare van die vermelde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en van voormelde gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, tesame met die eienaar van gedeelte 176,3514 (EEN HONDERD SES EN SEWENTIG komma DRIE VYF EEN VIER) Hektaar, sal 2/3de van die koste vir reparasie van die dam en watervoor moet dra.

(vi) Voorwaarde A. (f)

Die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar, ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) en die gesegde Gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, is onderworpe aan en geregtig tot die terme van 'n Order van die Waterhof (distrik Nr 21) gedateer die 30ste dag van Maart 1933, en geregistreer onder Nr 471/1933S, 'n afskrif waarvan aangeheg is aan Aktes van Verdellingstranspote No's 5953/1941 en 5954/1941 dateer die 21ste dag van April, 1941.

(vii) Voorwaarde A. (g)

Die eienare van die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE HONDERD SEWE EN VEERTIG komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getranspoteer word) is geregtig tot 'n reg van suiping op die voormelde gedeelte "56" van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, aan die Westekante van die Hartebeestspruit by die ou drif.

(viii) Voorwaarde B.

Die eiendom hiermee getranspoteer is ONDERHEWIG aan 'n reg van suiping 9,45 (NEGE komma VIER VYF) Meter, wyd, ten gunste van Gedeelte 182 ('n Gedeelte van die Westelike gedeelte) van genoemde plaas, getranspoteer onder Akte van Verdellingstransport Nr 25322/1949, gedateer die 29ste dag van November, 1949, groot 17,9426 (SEWENTIEN komma NEGE VIER TWEE SES) Hektaar, soos aangetoon deur die letters XYZCDD' mid spruit X, op kaart S.G. Nr A146/1949 geheg aan Akte van Verdellingstransport Nr 25322/1949.

(ix) Voorwaarde C.

Die eiendom hiermee getranspoteer is ONDERHEWIG aan 'n reg van weg ten gunste van gedeelte 186 en 187 van die plaas DERDEPOORT 469, soos meer volledig sal blyk uit Notariele Akte Nr 844/1950S, gedateer die 15de dag van September 1950.

1.4 TOEGANG

- a. Toegang na en vanaf die dorp tot Bonjamastraat (D36) sal voorsien word tot die tevredenheid van die Gauteng Departement van Publieke Vervoer en Paaie.
- b. Die Aansoeker sal teen eie koste 'n geometriese ontwerp uitlegplan (skaal 1:500) vir die in- en uitgang soos bedoel in Par a. hierbo, asook spesifikasies vir die konstruksie van die gemelde in- en uitgang aan die Gauteng Departement van Publieke Vervoer en Paaie voorlê vir goedkeuring. Die aansoeker sal na goedkeuring van die uitlegplan en spesifikasies die gemelde in- en uitgang op eie koste bou tot die tevredenheid van die Gauteng Departement van Publieke Vervoer en Paaie.

1.5 ONTVANGS EN WEGDOENING VAN STORMWATER

Die aansoeker sal die nodige reëlings tref om die dreinerings van van dorp aan te pas by dié van die pad en om alle stormwater wat vloei vanaf die gemelde pad te ontvang, af te voer en mee weg te doen.

1.6 VERWYDERING OF VERPLASING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Sou dit ookal vir welke rede noodsaaklik word om weens die ontwikkeling van die dorp enige munisipale dienste te verwyder of verplaas, sal die koste vir sodanige werke deur die aansoeker gedra word.

1.7 SLOPING VAN GEBOUE OF STRUKTURE

Die aansoeker moet enige bestaande of bouvallige strukture of geboue wat binne boubeperringsgebiede of oor gemeenskaplike grense geleë is, teen eie koste laat sloop en verwyder tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

1.8 OMGEWINGSBEWARING

Die aansoeker moet tydens konstruksie van die ontwikkeling die Omgewingsbestuursplan soos goedgekeur deur Gauteng Departement van Landbou, en Landelike Ontwikkeling implementeer en gehoor gee aan alle voorwaardes vervat in Omgewingsmagtiging met verwysingsnommer GAUT002/07-08/N0566 gedateer 21 April 2009 uitgereik ingevolge die Nasionale Omgewingsbestuurswet en Regulasies 2006.

1.9 ARTIKEL 21 MAATSKAPPY

'n Artikel 21 Maatskappy (Inwonersvereniging) moet geregistreer word deur die Aansoeker ingevolge die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973). 'n Afskrif van die geregistreerde Akte van Assosiasie (CM4) en die Maatskappystatute moet by die Nokeng tsa Taemane Plaaslike Munisipaliteit ingedien word. Die gemelde Assosiasie en Statute moet duidelik aandui wat die hoofdoelstellings van die inwonersvereniging is en wie verantwoordelik is vir die interne ingenieursdienste (water, riool, elektrisiteit, paaie en stormwater). Elke nuwe

eienaar in die dorp sal verplig wees om 'n lid te word van die Artikel 21 Maatskappy en sal bydra tot die koste van die interne dienste (nl paaie, toegangsbeheer, publieke oopruimte, waterverspreidingsnetwerke, afvalverwydering, heinings en gemeenskaplike eiendom). Lede sal deur die titelaktes gereguleer word.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986:

2.1 ALLE ERWE

- a. Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, vir munisipale dienste (riolering, water, elektrisiteit en stormwater) (hierna verwys as "die dienste") ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: met dien verstande dat die plaaslike bestuur van sodanige serwituut mag afsien.
- b. Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.
- c. Die Nokeng Tsa Taemane Plaaslike Munisipaliteit is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voormelde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.
- d. Die erf is in 'n gebied geleë waar geboue en strukture geaffekteer kan word deur grondtoestande. Enige bouplanne wat by die plaaslike bestuur ingedien word vir goedkeuring moet vergesel wees van maatreëls soos voorgestel in die geotegniese verslag vir die dorp ten einde potensiële skade aan geboue en strukture te voorkom weens swak grondtoestande, tensy bewyse voorgelê kan word aan die plaaslike bestuur dat sodanige maatreëls onnodig is of alternatiewelik deur meer toereikende metodes vermag kan word.
- e. Die erf is onderhewig aan die reëls en regulasies van die Artikel 21 Maatskappy en meer spesifiek die volgende voorwaardes:
 - i. Elke eienaar sal automaties 'n lid van die Vereniging word en sodanig 'n lid bly en onderworpe wees aan die reëls en regulasies van die Vereniging vir solank as wat hy/sy 'n eienaar is. Geen eiendom, hetsy 'n onderverdeling of konsolidasie daarvan of enige eenheid daarop opgerig, of enige belang daarin, sal aan enige persoon oorgedra word nie wie nie ingestem het om 'n lid van die Vereniging te word nie en onderworpe te wees aan die grondwet van die Vereniging en wie nie betaling van maandelike heffings verseker

het nie deur die voorsiening van 'n maandelikse debietorder vir die betaling van die bedrae wat aan die Vereniging verskuldig is.

- ii. Geen eienaar van 'n eiendom, of 'n onderverdeling daarvan of enige deeltiteleenheid daarop opgerig, of enige belang daarin, sal geregtig wees om die eiendom, of 'n onderverdeling daarvan of enige deeltiteleenheid daarop opgerig, of enige belang daarin oor te dra nie sonder die Vereniging se skriftelike toestemming vooraf verkry is (welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie) asook sonder die Vereniging se skriftelike bevestiging dat alle uitstaande verskuldigde bedrae deur die eienaar betaal is.
- iii. In die geval van die vervreemding van die eiendom, of in die geval waar die eienaar 'n regs persoon soos 'n beslote korporasie, maatskappy of trust is en die lid se wesenlike belang of aandeel daarin word vervreem, dan in daardie geval sal die eienaar verantwoordelik wees vir die betaling van 'n administrasiefooi aan die Vereniging, of sy gevolmagtigde, ten aansien van enige uitgawes van die Vereniging ten opsigte van die bogenoemde.

2.2 ERF 15

- a. Die erf is onderhewig aan 'n serwituut, 2m wyd parallel met die suidelike grens van die erf vir doeleindes van munisipale dienste ten gunste van die Plaaslike Bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

L. MGUDLWA
Waarnemende Munisipale Bestuurder
Verwysingsnommer: JR326-RE-181

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1300

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME NTT/217/2009

The Nokeng Tsa Taemane Local Municipality hereby, in terms of the provisions of Section 125(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, declares that it has approved an Amendment Scheme, being an amendment of the Pretoria Region Town-planning Scheme 1960, comprising the same land as included in the township of Derdepoort Ext 3.

Map 3 and the Scheme Clauses of the amendment scheme are filed with the Municipal Manager, Nokeng Tsa Taemane Local Municipality, Municipal Offices, Oakley Street, Rayton and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment is known as Pretoria Region Amendment Scheme NTT/217/2009

L. MGUDLWA
Acting Municipal Manager
Reference no: JR326-RE-181

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1300

PRETORIA STREEK WYSIGINGSKEMA NTT/217/2009

Die Nokeng Tsa Taemane Plaaslike Munisipaliteit verklaar hierby, ingevolge die bepalings van Artikel 125(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat hy 'n Wysigingskema, synde 'n wysiging van die Pretoria Streek Dorpsbeplanningskema 1960, wat uit dieselfde grond as die dorp Derdepoort Uitbreiding 3 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Munisipale Bestuurder Nokeng Tsa Taemane Plaaslike Munisipaliteit, Munisipale kantore Oakleystraat, Rayton en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hiedie wysiging staan bekend as Pretoria Steek Wysingskema NTT/217/2009

L. MGUDLWA
Acting Munisipale Bestuurder
Verwysingsnommer: JR326-RE-181